


Maak of breek

Uitgawe 94: Mei 2021

Ons geheue blyk redelik selektief te wees. Gedurende 'n betreklike kort loopbaan het ek drie belangrike markregstellings beleef – almal natuurlik om verskillende redes. Iemand het eenkeer gesê dat gelukkige gesinne almal eenders is, maar elke ongelukkige gesin is ongelukkig op sy eie manier – markte is die teenoorgestelde! Markte is om verskillende redes "gelukkig". Kort na die Dotcom-ineenstorting vroeg in 2000, lees ek hierdie opskrif "*From IPO to REPO*" (van die nuwe noterings op die Nasdaq tot die terugneem van bates). Die oormaat van die tegnologiese euforie het my bygebly. Sedert 2000 het ons nog twee groot regstellings ervaar en verskeie afwisselende markskommeling (waarskynlik in die orde van 20%). Die 2008 GFC (Groot Finansiële Krisis) en dan, uit die bloute, die COVID-laagtepunte van vroeg 2020. Al drie bly die ergste in die onlangse geskiedenis. Die paar jare na die GFC was in finansiële terme angswekkend. Die ineenstorting van die aandelebeurs van byna 90% gedurende die laat 1920's, wat uiteindelik in die Groot Depressie oorgespoel het, was sekerlik die ergste en het ook die langste geneem om te herstel.



(Bron: CNBC 2020)

Wisselvalligheid was en sal altyd deel bly van die beleggingsproses. **Die onvermydelike en waarskynlike is op pad.** Ons weet nie wat die lout sou wees nie, hoe dit sou afspeel of wanneer dit sal gebeur nie, maar die volgende regstelling is beslis in wording. Peter Lynch, die suksesvolle batebestuurder, het eenkeer gesê: "*Meer geld het verlore gegaan in die afwagting van 'n regstelling as in die regstelling self*". Ons kan ongelukkig nie hier sit en aan die kantlyn wag totdat hierdie onbekende gebeure afspeel nie. Finansiële markte is geneig om ons op subtiële maniere te manipuleer. Vrees en hebsug dryf beleggers, **maar om te belê is uiteindelik 'n rasonale poging om fondse (of kapitaal) te posisioneer sodat ons voordeel trek uit die saamgestelde opbrengste en toekomstige verwikkelinge**; d.w.s. ekonomiese groei – die bevordering van ons samelewing met produktiwiteits-toename (om meer te produseer met minder moeite, of hulpbronne). Dit is hier waar menslike vernuf en nuwe tegnologieë die grootste verskil maak.

Ons werk met die toekoms in gedagte, maar ons kan nie die toekoms voorspel nie. Wanneer ons met waarskynlikhede en uitkomstewerk, is dit nie die vraag of ons reg of verkeerd is nie. Dit is hoeveel ons wen wanneer ons reg is of hoeveel ons verloor wanneer dit lyk asof ons 'n fout gemaak het. Dit is alles deel van 'n goeie finansiële plan en fondstoedeling. Dit kontroleer ons emosies en besluitnemingsproses.

Maak die skommeling jou vriend, nie vyand nie

'n Goeie beleggingstrategie is vir die lang-termyn. Wat beteken langtermyn in lekerme? Ons aanvaar dat dit vir elke persoon gaan verskil gegewe sy of haar ouderdom, maar dit kan ongeveer 15 jaar of selfs langer wees. 'n Bepaalde strategie lyk dalk goed as alles goed gaan – amper asof ons iets [opbrengste] kry vir niks of vir min moeite. Beleggingsbalanse groei op sigself totdat iets

ongedaan gemaak word. Onthou egter dat u niks verloor het voordat 'n belegging gerealiseer (verkoop) word nie. Die spreekwoord lui: "Niks in die lewe is verniet nie". Wat is die prys vir beter resultate? Alles wat die moeite werd is, het 'n mate van opoffering of prys wat ons moet betaal. Dit is vir die meeste van ons moeilik om by 'n finansiële plan en beleggingstrategie te hou wanneer die markte in duie stort. Morningstar-navorsing in die Verenigde State het gekyk na meer as 'n 100 fondse wat 'n taktiese batetoedeling volg. Hierdie fondsbestuurders probeer om markbewegings aan te voel deur hoog te verkoop en laag te koop (dit is 'n ooreenvoerigde voorstelling, maar dit illustreer ons punt). Minder as 10% van die fondsbestuurders kon beter presteer as 'n eenvoudige batetoewysingstrategie oor rollende 10 jaar periodes – wat verdeel is tussen kontant, skuldbriewe en aandele. Dit skep natuurlik 'n meer egalige ervaring. Sommige beleggers kies kortpaaie, maar bereik nie hul beoogde resultate nie.

Waarom betaal ons vir 'n billike leefstyl of 'n goeie vakansie, maar probeer die "prys" vir redelike opbrengste vermy? In hierdie spesifieke geval is die prys nie so voor die handliggend nie. **Opbrengste vereis geduld terwyl ons wisselvalligheid aanvaar**; d.w.s. die "oppe" sowel as "affe". Soos Morgan Housel, 'n gerespekteerde skrywer oor finansiële aangeleenthede sê, dalk kan dit ons help wanneer ons na wisselvalligheid kyk as 'n fooi i.p.v. 'n boete. 'n Boete is gewoonlik vir iets wat jy verkeerd gedoen het. Markskommeling moet ons vriend wees en daar is 'n prys vir ons geduld oor tyd. Hoe sal u voel indien u beleggingsbalanse skielik met 15% tot 20% sou daal?

Om 'n pessimis te wees, is maklik

Probeer om daardie depressiejare voor te stel. Wat van die jare na die tweede wêreldoorlog? Die [opskrifte kort na die GFC](#) van 2008 was verdoemend. Kyk nou terug en oorweeg hoe die omstandighede verbeter het. Die Engelse digter John Masefield het gesê: "*Vir die meeste van ons lyk die toekoms onseker, maar dit was nog altyd so. Diegene van ons wat groot veranderinge beleef het, moet ook groot hoop hê*".

Wat het die vorige dekades vir ons toe gewys? **Die wêreld is geneig om inkrementeel te verbeter.** Gesondheidsorg en tegnologie sal die lewenskwaliteit vir die volgende generasie verbeter (ons sal dit miskien nie van dag-tot-dag, of maand-tot-maand raaksien nie). Om pessimisties te wees, klink dalk wys of aanvaarbaar. Individue is geneig om hul oortuigings te anker op die mees onlangse (en bekende) gebeure – veral as dit pynlik was. Wanneer ons egter data bestudeer, het die finansiële markte meer keer gestyg as wat dit teruggetrek het – statistiek is aan ons kant!

Die pyn van verliese dra meer gewig

Vir dieselfde eenheid, **voel die pyn van 'n verlies vir ons erger** – dit is 'n verlies van R100 teenoor 'n wins van R100. Ons wil graag wen, maar haat beslis om te verloor. Wetenskaplikes noem dit "[loss aversion](#)". Wanneer ons, onself beter verstaan, kan ons ook beter keuses op die langer termyn uitoefen. **Besluit waarop u wil fokus...**

DAYS

DECADES



(Die sketse is deur Carl Richards van die Behavior Gap)